## 18 Junie Handelinge 4:18-31 (4:31)

### *Die Heilige Gees gee vrymoedigheid*

Die Joodse Raad het vir Petrus en Johannes belet om die Evangelie te verkondig. En na hierdie dreigemente lees ons hierdie pragtige gebed van die gelowiges in Jerusalem. 'n Gebed waarin hulle vra dat God vir hulle steeds die vrymoedigheid sal gee om die Evangelie te verkondig te midde van al die vervolging. Want vrymoedigheid om die Evangelie te verkondig bestaan nie net in 'n vaste geloofsoortuiging nie. Vrymoedigheid is nie iets wat bloot bepaal word deur my persoonlikheid nie. God alleen kan daardie onverskrokke vrymoedigheid gee om vir die wêreld te sê dat Hy die magtige Koning is. Genadiglik eis vrymoedigheid nie iets wat ek self moet opwek nie maar iets wat die Gees aan hulle gee wat gelowig daarom bid. Daarom het die gelowiges in Jerusalem so ernstig daarom gebid. En vrymoedigheid om die Evangelie te bring het ons almal nodig, elke dag. Want dit is 'n moeilike taak. Om te bemoedig en aan te spoor uit die Woord van God, al is daar so baie wat ongelowig is. Dit is nie so maklik nie; dalk dink hulle ek dweep; miskien skaad dit die vriendskap of ek is tog nie lus vir 'n onsmaaklike situasie nie. Maar die Here plaas elke gelowige êrens in hierdie wêreld om daar 'n getuie te wees van sy Koningskap. U leef en werk nie verniet daar waar u tans is nie. Daar waar u werk en besig is plaas God u om te werk maar ook om te verkondig met woord en daad. Die gelowige wat nie verkondig nie versaak sy/haar roeping. Maar dan weer die troos van Handelinge 4. Nie uit eie krag nie, maar deur die krag van die Gees kan u die Woord verkondig. Met vrymoedigheid kan u die Evangelie bring aan elkeen met wie u te make het. Bid dan gelowig en voortdurend om hierdie vrymoedigheid en God sal u verhoor.

Sing: Psalm 43:3, 4 Ds. R.A. Bain (Senekal)